


KOERSVAS

Jaargang 4 Uitgawe 74 23 Oktober 2015



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Kennisgewings

REDAKSIONEEL

Persverklaring

Die GHG se dagbestuur het Vrydag 16 Oktober 2015 vergader om die notule van die Meyerspark Bondsvergadering te finaliseer. By hierdie geleentheid is die behoefte uitgespreek dat die GHG moet reageer op die NGK se Algemene Sinode se besluit ten opsigte van homoseksualiteit. Na aanleiding van die bespreking wat daar plaasgevind het, is dit moontlik dat verdere reaksies nie uitgesluit is nie. As eerste reaksie wat aan gemeentes gegee kan word, bied ons die volle verklaring van die GHG dagbestuur:

"Dit is met groot kommer en hartseer dat die Geloobsbond van Hervormde Gemeentes (GHG) kennis neem van die NG Kerk se 10-punt besluit in verband met homoseksualiteit (die gay kwessie) soos geneem tydens die afgelope Algemene Sinode en in die pers aangehaal.

Die GHG staan in die Reformatoriese tradisie en kan nie apart of aparties staan wat hierdie besluit betref nie. Die NGK besluit is deel van 'n poging om die Christelike samelewing te omvorm.

Alhoewel die huwelik tussen een man en een vrou as enigste definisie van die huwelik beskou word, gee die NGK nou ook erkenning aan burgerlike verbintenisse tussen lede van dieselfde geslag en boonop mag hul predikante nou die bevestiging daarvan waarneem!

"Persoonlike geloofsgehoorsaamheid" word gestel teenoor die uitdruklike verbod op homoseksuele dade en verhoudings soos in die Bybel. Die mens word die maatstaf en nie meer die Bybel nie. Die GHG stel dat 'n selibate lewenswyse die enigste wyse is waarop 'n gay persoon gehoorsaam aan God kan lewe. Ons het baie begrip vir die stryd wat 'n persoon met 'n homoseksuele oriëntasiestry, maar dit is 'n stryd wat in die geloof gestry moet word. Dan sal die genade ook nie uitbly nie. Die NG besluit het nou die vereiste van 'n selibate lewenstyl as vereiste vir die predikantsbevoegdheid geskrap. Soos tereg gestel deur die huweliksformulier, is 'n huwelik die verbintenis tussen een man en een vrou voor God en deur God. Buite-egtelike en gay verhoudings mag nie daarmee gelyk gestel word as aanvaarbaar voor God nie. Die Bybels-gefundeerde waarheid word deur die NGK besluit betwis. Hierdeur word nie slegs 'n poging aangewend om sonde te legitimeer nie, maar die huwelik as Goddelike instelling word daardeur ondergrawe. Die kern van die Christelike samelewing (en daarmee saam gemeenskap van gelowiges) is tog immers gesetel in die Christelike huisgesin. Man en vrou is verenig in die huwelik, soos deur God self ingestel. (Genesis 2:23-24; Matteus 19:4-6) Meer nog - die huwelik word ook in die Skrif asbeeld gebruik om die heilige en liefdevolle verhouding tussen Christus en sy kerk aan te

dui. (Efesiërs 5, 2 Korintiërs 11:2; Openbaring 19:7)

Wat verder kommer wek, is die gebruik van die tweede artikel van die Nederlandse Geloofsbelofte waar die NGK nou die algemene openbaring van God in die natuur stel bò die van die besondere openbaring in Gods Woord waarin homoseksuele dade uitdruklik verbied word.

Na die GHG se oordeel het die NGK sinode die pad byster geraak. Dit is nie ons plek om te veroordeel nie. Ons kan slegs beoordeel, getuig en pastoraal vermaan. Ons glo dat ons deur die Woord van God geleei word en ons aanvaar alle gelowiges as deel van ons geloofsgemeenskap ongeag hulle seksuele oriëntasie. Ons is almal immers sondaars, maar sondaars wat onder die kerklike dissipline staan. Ons moet in alle opsigte erns maak met die Woord van God wat sê dat ons moet gaan en nie meer moet sondig nie, waarmee ons ons ookal besig gehou het.

Ons doen dus hiermee 'n beroep op ons medegelowiges in Christus: Kom tot inkeer, kom terug na Gods Woord. Ons versugting en gebed is dat gehoorsaamheid aan God swaarder sal weeg as die strewe na menslike eensgesindheid.

Ons neem ook met kommer kennis van die amptelike standpunt van die NHKA (by monde van dr Wim Dreyer). Hy het hierdie kern-saak in die openbaar (met spesifieke verwysing na die NHKA se interne amptelike kommunikasie) tot 'n sogenoemde "lewenskwessie" en dus "middelmatige saak" vervlak. NHKA-lidmate moet kennis neem dat sy standpunt verskil van die AKV besluite, maar dat hy tog as Voorsitter van die Kommissie van die AKV reageer het.

Dr Dreyer stel in Blitspos: "*Leerkwessies is wesenlike sake soos Jesus se opstanding uit die dood. Lewenskwessies is dinge soos politieke beleid en seksualiteit. Lewenskwessies moet beskou word in die veranderende konteks waarin ons leef.*" Konteksgedrewe teologie maak die deur oop vir ander mense om op

grond van konteks te eis dat hulle verhoudings goedgekeur word. Volgende op die lys is dalk mense wat egbreuk of veelwywery wil regverdig, dalk mense wat wil saamwoon en die huwelik verwerp, of vele alternatiewe verhoudings tot die huwelik wat mense wil regverdig?

Dr Dreyer se ongelukkige vervlegting van "leer en levenskwessies" met Johannes Calvyn se onderskeid tussen "wesenlike sake en middelmatige sake" val op. Dit is teologies en histories onverantwoordelik. Die GHG waarsku lank reeds teen die swak teologie wat in amptelike NHKA-kringe bedryf word. Die onderskeid tussen "leer en levenskwessies" aan die een kant en "wesenlike sake en middelmatige sake" aan die ander kant, is tog kategorieë uitmekaar.

Eersgenoemde is tradisioneel die onderskeid wat getref word tussen die twee tafels van die Wet. Beide die eerste tafel (verhouding met God – leerkwessies) en die tweede tafel van die Wet (verhouding met medemens – levenskwessies) is teologiese kernsake. Vir Calvyn was middelmatige sake met verwysing na plaaslike sake soos byvoorbeeld die sittende of gaande aard van die Nagmaal. Ons verskil wesentlik van dr Dreyer en is oortuig die sogenoemde "lewenskwessie" gay-wees hoort tot dit wat Calvyn as wesenlik beskou het.

Hierdie misleidende teologiese redenasies kan daartoe lei dat die NHKA waarskynlik in 2016 'n soortgelyke dwaalbesluit kan neem as die NGK in 2015."

KENNISGEWINGS Jeugkamp en Bybelvasvra 2016

1. Gemeentes word versoek om kennis te neem van die datums van die Bybelvasvra vir 2016. Die datums t.o.v. die gemeentes en streke is net 'n aanbeveling.
- Gemeentelike vaspvra 27 Julie 2016

- Streeksvasvra 14 Augustus 2016
- Finale Rondte 28 Augustus 2016
- Die Komitee vir Gesinsorg sal eersdaags vergader en besluit oor die betrokke Bybelboek en gedeelte uit die Kategismus.
- Gemeentes/Verenigings word versoek om in die opstel van hulle begrotings voorsiening te maak dat hulle jeug die kamp wat beplan word, sal kan bywoon. Nader inligting volg sodra 'n kampterrein bespreek is.

UITNODIGING NA HERVORMINGSDAG-BYEENKOMS SATERDAG 31 OKTOBER 2015

Namens die Kerkraad van Bloemfontein Gemeente rig ons hiermee 'n hartlike uitnodiging aan alle gemeentes na die Hervormingsdagbyeenkoms op Saterdag 31 Oktober 2015.

Plek: Kerkgebou en saal van die APK Bainsvlei H/v Elias Motsoaledistraat & Topsy Smithlaan, Langenhovenpark, Bloemfontein.

S 29° 06' 05.35" en

O 26° 09' 49.72"

Program: 09:00 Aankoms, registrasie en verversings

10:00 Ds PH (Piet) Viljoen: Opening met Skriflesing, prediking, gebed en sang

10:45 Ds JJ (Jaap) Steenkamp: Die boodskap van die kerk vandag

11:30 Bekendstelling van die Calvinistiese Alliansie en bespreking van die Hervormingsdagvieringe DV in 2017 wanneer die begin van die Kerkhervorming 500 jaar gelede herdenk word.

12:00 Prof Johan Janse van Rensburg:
"Is die ontluikende Kerk ('emerging church getrou aan die beginsels van die Kerkhervorming?"

12:45 Algemene bespreking
13:00 Middagete
Koste: R 50-00 per persoon met middagete,
R 20-00 per persoon sonder middagete
Baie belangrik
Etes moet asb bespreek word voor of op
Maandag 26 Oktober 2015 asb
Kontak Carien Ackerman by 083 454 9227
of cackerman@hotmail.co.za
Ons sien uit na u Kerkraad en
gemeentelede se teenwoordigheid!
Groete in Christus

2. Advertensies

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Oornagfasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.
 - Premiermyн bied vir slegs R100 inskrywingsgeld 'n kompetisie met as eerste prys 'n week vir 12 mense te Marloth park, op die rivier. Daar is ook groot tweede en derde pryse. Belangstellendes kan skakel met **Hans Esterhuizen by 084 581 2905**.
 - Premiermyн hou einde Oktober hulle gevestigde jaarlikse Kersmark. Gehalte uitstallers wat belangstel om deel te word van die mark, kan hierdie week nog met Alta skakel by 082 682 1252.
 - **Drukwerk Geloofsbond Pryse 2015**
Paul en Ella help graag met:
 - Kalender R8-30 elk
 - Verlofregister R24-75 elk
 - Kwitansie R16-90 elk
 - Offergawe R6-60 elk
 - Dames Kwitansie R14-45 elk
 - Konsistorie R22-35 elk
 - Belydeniskrifte Boekie R31-40 elk
- ella@teamworkprinters.com

Gemeentes moet asseblief kennis neem dat Teamwork Printers bestellings vir **drukwerk tot en met 25 November 2015 sal aanvaar.** Enige bestellings na dié datum sal eers in die nuwe jaar gelewer word, aangesien hulle sluit vir Desember en weer 11 Januarie 2016 open. Veral bestellings vir die jaar kalenders en konsistorieboeke is belangrik aangesien dit

Januarie 2016 alreeds in gebruik geneem word.

3. Geloofsbond Eredienste :

www.geloofsbond.co.za Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.
<http://www.geloofsbond.org.za/>

4. GELOOFSBONDKWILT

Die geskiedkundige koning/koningingrootte kwilt (sien langsaan) is saamgestel uit blokke wat deur verskillende Bondsgemeentes se dames ingestuur is. Die wenlootjie word DV die eerste Sondag van Desember getrek. Dus, wat 'n pragtige Kersgeskenk vir iemand.

Die fondse gaan aangewend word vir die opleiding van verdienstelike Geloofsbond teologie studente.

Lootjievorms is beskikbaar by Ella teen R20 elk of R100 vir 6.

Lootjielyste is beskikbaar by alle Geloofsbond Hervormde gemeentes. Gemeentes kan ook met Ella skakel om nog lootjielyste te kry. Kontak haar gerus by ella@teamworkprinters.com

Lootjies is beskikbaar tot 30 November 2015.

***IN CHRISTUS WIL ONS,
KAN ONS, SAL ONS.***



Lewensbrood 2016 Bestellings

Prys: R100-00 (Elke gemeente is verantwoordelik vir die afhaal van hulle boeke)

Keerdatum: 16 Oktober 2015
Kontant by bestelling

Plaas bestellings by Ella Joubert
ella@teamworkprinters.com
011 892 4660
082 564 1915

Betaal asseblief in die **Bond se rekening** in.
Stuur **bewys van betaling** saam met bestellings.

Bankbesonderhede:
Geloofsbond van Hervormde Gemeentes
Eerste Nasionale Bank (FNB)
Rekeningnommer: 6243 092 3088
Tak: Pretoria-Noord
Takkode: 250 655

Verwysing: LB2016

5. LEWENSBROOD 2016

@ R100 ELK

BESTELLINGS SAL PER SPESIALE
TOEGEWING SLEGS HIERDIE WEEK
NOG HANTEER WORD.

BESIKBAAR NOVEMBER 2015.

(**PERFEKTE KERSGESKENK**)

TEKS EN VOORBLAD IS VOLTOOI EN
BY DRUKKERS.

FINALE GETALLE **MOET HIERDIE
WEEK AAN DIE DRUKKERS**
WEERGESEE WORD.

GEEN ANDER LEWENSBRODE SAL
LATER BESTEL KAN WORD NIE-
SPYT KOM R450 EKSTRA PER KOPIE
TE LAAT. ☹

MAAK 'N DONASIE VAN R100-00 EN STAAN 'N KANS OM EEN VAN DIE VOLGENDE PRYSE TE WEN

**1ste Prys: Week se verblyf met luukse
akkommodasie te Marloth Park teenaan die rivier.
Slaap 12. Daaglikse skoonmaak ingesluit.**

**2de Prys: R1500-00 Geskenkbewys vanaf Tierpoort slaghuis
3 de Prys: R1000-00 Geskenkbewys vanaf Tierpoort slaghuis**



Trekking: 29 November 2015
Pryse kan nie vir kontant
omgeruil word nie.

Kontak Hans Esterhuizen
vir verdere besonderhede by 084 581 2905